Argumente vir en teen die afsit van sterte

Bron: Webredakteur
Datum: 6 Junie 2008

Die SA Veterinêre Raad se verklaring dat die afsit van sterte van 1 Junie 2008 af oneties is, is in pas met tendense wêreldwyd.

Die meeste Europese en Skandinawiese lande het die afgelope paar jaar ‘n algehele verbod op die afsit van honde se sterte om kosmetiese redes beleef. Daar is tans geen beperkinge in Rusland, Australië, die VSA en Kanada nie, maar dierbeskermingsorganisasies, die veeartsenyberoep en lede van die publiek begin al hoe groter druk oor die aangeleentheid uitoefen.

Die argumente vir en teen die afsit van sterte is die moeite werd om te oordink. ‘n Internetsoektog het skokkende foto’s opgelewer van beserings aan volwasse honde met sterte, sowel as van komplikasies by bababondjies na amputasies.

Dit blyk dat die veeartsenyberoep verenig is in hulle teenkanting van die afsit van sterte om redes anders as terapeuties, maar daar is individue wat nie saamstem nie.

‘Kliniese’ argumente vir die afsit van sterte

Prof. Dr. R. Fritsch van die kliniek vir veterinêre sjirurge aan die Justus-Lieberg-universiteit en voorspraakmaker vir die afsit van sterte, het in ‘n verslag aan die German Kennel Club ‘n onderskeid getref tussen die ontwikkeling van die senustelsels van ‘Nestfluchter’ (diere wat die moeder kort na geboorte verlaat om hulle eie kos te vind) en ‘Nesthockern’ (diere wat by die moeder bly en vir ‘n lang tyd deur haar gevoed word). *Council of Docked Breeds*:

Uittreksels en direkte vertalings*:* ‘Die pasgebore hondjie val onder die ‘Nesthockern’, in teenstelling met die perd, bees, skaap, vark en bok wat as ‘Nestfluchter’ beskou moet word.

Die diere in die ‘Nesthockern’-groep word relatief onvolgroeid gebore – naak, blind, doof, baie onbeweeglik en baie hulpeloos. By geboorte is hulle senustelsels nog nie eers behoorlik ontwikkel nie ... en bewustheid van pyn is op daardie ouderdom baie onwaarskynlik. Selverdeling vind nog in die brein plaas en senudrade is nog nie volledig ontwikkel nie.

Die situasie verskil heeltemal by die ‘Nestfluchter’. Hierdie diere se senustelsels is by geboorte ten volle ontwikkel. Alle pynsintuie is volledig ontwikkel. Dit is onmoontlik om deur middel van fisiologiese kennis, of bloot deur waarneming, die gevolgtrekking te maak dat hierdie diere enigsins minder pyn as die volwassenes ervaar.

Uit ‘n veterinirêre oogpunt is daar geen rede waarom ‘n verbod op die afsit van honde se sterte enigsins tot hulle voordeel is nie. Inteendeel, dit sal tot hulle nadeel wees. Die afsit van sterte is ter beskerming vn die hond omdat dit gedoen word om probleme met stertbeserings en die gevolglike pynlike behandeling wat daarop volg te voorkom.’

‘Kliniese’ argumente teen die afsit van sterte

Alhoewel in 1996 gepubliseer, verwys teenstanders van die afsit van sterte graag na die *Wansbrough-verslag*:

Uittreksels en direkte vertalings: ‘Onlangse vooruitgang in kennis oor pyn en pynbestuur weerspreek die aanname dat klein hondjies nie pyn voel nie en dat die afsit van sterte daarom nie onmenslik is nie, sowel as die aanname dat die uitwerking daarvan van geen belang is nie.

Klein hondjies word gewoomlik op 2 – 5 dae aan hierdie pyn (direkte besering van die senustelsel) en trauma onderwerp wanneer dit veel erger is as wat ‘n volwassene sou ervaar ... omdat onderdrukkende pynweë nog nie ontwikkel is nie.’ Wansbrough wys ook daarop dat diere - insluitende honde –juis vanweë hulle fisiese ooreenkomste – vir menslike navorsing gebruik word. Hy is verder van mening dat honde waarvan die sterte afgesit is, ander fisiologiese probleme ondervind, bv. ten opsigte van balans, ontlasting (onderontwikkeling van die pelvis- en rektumspiere) en inkontinensie, sowel as kommunikasieprobleme (misverstande tussen mens en hond en honde onderling).

Om sterte af te sit of nie

Daar is baie teorieë waarom en wanneer die praktyk om honde se sterte af te sit ontstaan het. Dit word algemeen aanvaar dat die oorsprong in die Middeleeue in Brittanje en Wes-Europa was. Dit is

glo onder meer gedoen ter voorkoming van hondsdolheid, rugbeserings en beskadiging van sterte tydens hondegevegte; om honde vinniger te maak; en vir eenvormigheid in rasse waar sommige sonder sterte en ander met stompies gebore is. (*SA Veterinêre Raad*) Tydens die Georgiaanse era in die VK was belastingontduiking ook 'n oorweging toe mense hulle honde se sterte geamputeer het om die belasting wat op werkende honde gehef is te ontduik! (*Wikipedia)*

Vandag stem die hoofredes waarom mense vir of teen die afsit van sterte is, grootliks ooreen: 'ter wille van die hond se gesondheid' en 'omdat dit is hoe die hond moet lyk.'

Die situasie in Suid-Afrika

Die SA Veterinêre Raad (SAVR) beheer die professionele optrede van alle praktisyns wat in terme van die Wet op Veterinêre en Para-Veterinêre Beroepe, 1982, geregistreer is. Die Raad staan daarby dat die oneties-verklaring van die afsit van honde se sterte hulle bemagtig om veeartse wat die prosedure - om *enige* rede, anders as *terapeuties* – uitvoer van onprofessionele gedrag aan te kla.

Volgens die Raad kan veeartse wat honde se sterte afsit in terme van die Dierebeskermingswet, Nr. 71 van 1962 aangekla word en, indien skuldig bevind, sal hulle outomaties ingevolge die veterinêrewet vevolg word.

Die SAVR huldig die mening dat, omdat hulle die afsit van sterte nie voorheen oneties verklaar het nie, die DBV nie die beginsels van die Dierebeskermingswet kon toepas om enige iemand suksesvol aan te kla nie. Volgens die SAVR sal die DBV die beginsel van 'verminking' in hulle klagstate gebruik.

KUSA (Kennel Union of Southern Africa) is glad nie gelukkig met die verbod op die afsit van sterte nie en het regsadvies ingewin. Met verwysing na die SAVR het KUSA gesê: 'Hulle dink hulle kan hierdie besluit op veeartse afdwing en het eensydig besluit om die verbod op die hondegemeenskap af te dwing – sonder om met enige belanghebbendes te konsulteer'. KUSA glo dat, ingevolge die SA Grondwet, dit 'n saak van vrye keuse is.'

Volgens mediaberigte het baie hondetelers ook die regulasies uitgedaag en onderneem om aan te hou om sterte af te sit. Terwyl sommige protesoptogte beplan, het ander kommer uitgespreek dat belangstelling in betrokke rasse en hulle skoue net so vinnig sal afneem as in ander lande waar die afsit van sterte verban is.

Helmut Redtenbacher, Voorsitter van die Noord-Transvaal Dobermann Klub en 'n lid van KUSA se subkomitee oor die afsit van sterte het die regstatus van die verbod bevraagteken toe hy die SABT se Spesiale Algemene vergadering op 31 Mei toegespreek het. ' Na die beste van my wete was daar geen wetswysigings nie. Deur die verbod as 'n gegewe voor te hou, gebruik die SAVR *moontlike* vervolging deur die DBV ingevolge die Dierebeskermingswet, as dreigement. Die ironie is dat die SAVR nie by magte is om lede van die publiek te vervolg nie en self erken het dat hulle nie eers veeartse kan vervolg nie. Hulle kan slegs teen 'n veearts optree nada hy of sy in 'n hof skuldig bevind is. Ek glo dit sal vir die vervolging ook baie moeilik wees om te bewys dat 'n hond 'wreed of onmenslik' behandel is of ' geskend' is omdat sy stert afgesit is. Na my mening is dit hoogs onwaarskynlik dat 'n hof enige iemand van 'n kriminele oortreedig skuldig sal vind vir die uitvoer van 'n prosedure wat al jare lank gedoen word,' aldus Redtenbacher.

Dit is duidelik dat die laaste woord oor die afsit van sterte nog lank nie gespreek. Ten beste moet elke teler vir homself uitmaak wat die beste vir die hond is en met daardie besluit saamleef.

Ter verfrissing van geheues: Die SABT se beleid oor die afsit van sterte (*SABT Grondwet: Bylaag A: Rasstandaard*)

- DIE STERT IS HOOG GESET.
- DIT IS REGUIT EN VERKIESLIK KORT (DRIE LITTE).
- LANG STERTE IS TOELAATBAAR.